BEPALINGS & VOORWAARDES (Tienie Jonker Toere):

1. Sien Toerplan voorsien / besoek ons webblad www.tjtoere.co.za vir die toerprys en toerprogram.
2. Die toeslag op enkelkamers *(indien beskikbaar)* is ongeveer R4 000 per persoon op Europa-bustoere en ongeveer R6 000 per persoon op Rusland-boottoere.
3. Die toerprys is onderhewig aan vliegtuigkaartjieprysveranderinge *(lugredery se belastings en bybetalings)*
4. Die toerprys is onderhewig aan veranderinge en gekoppel aan die rand-euro-wisselkoers .
5. **Die toerprys sluit die volgende in:**
   - Retoervliegkaartjies vanaf Johannesburg na Europa / Rusland en terug.
   - Lughawebelasting, behalwe die gedeelte indien meer as R500 bó die gekwoteerde lugdiensprys. *(bv. sou die belasting met R600 styg bó die gekwoteerde waarde, betaal u slegs R100 by)*
   - Kamer in toeristeklashotelle en twee etes elke dag (behalwe een/twee aandetes) in Europa
   - Busvervoer in 'n luukse, lugversorgde toerbus met toilet, koffiekroeg en koue verversings in Europa
   - Tolbelasting en parkeerkostes in Europa
   - Hawebelasting, asook busvervoer vanaf die lughawe na hawe (en terug) in Rusland
   - Ander ekstras soos aangedui in die Toerplan of op ons webblad www.tjtoere.co.za
6. **Die volgende word nie ingesluit nie:**
   - Koste om 'n paspoort en visum te verkry. Ons voorsien instruksies en dokumentasie om 'n visum te bekom.
   - Algemene heffings/gelde en sakgeld
   - Fooitjies van €15 per toerlid vir busbestuurder in Europa / €100 per toerlid vir fooitjies in Rusland
   - Reisversekering wat mediese dekking insluit. Ons bied wel hierdie diens aan om namens toerlede reisversekering aan te koop *(meer inligting sal voorsien word)*
   - Ander opsionele uitstappies en toegangsgeld.

KANSELLASIES:

- Toerlede wat tot 4 kalendermaande voor vertrekdatum skriftelik kanselleer, sal 30% van hulle deposito's terug ontvang en die res van die ander reeds betaalde gelde.
- Alle kansellasies op korter kennisgewing verbeur die deposito en terugbetalings van die res sal geskied op dieselfde skaal as wat Tienie Jonker Toere reeds betaalde fondse aan hotelle en ander instansies kan terugvorder, deur 'n versoek aan die betrokke instansie te rig.

ALGEMEEN:

1. Alle fondse ontvang, word in 'n trustrekening gehou totdat betalings aan hotelle, lugrederye, ens., namens toerlede gemaak word.
2. Die toerbestuur behou die reg voor om die toer te kanselleer indien daar nie genoegsame inskrywings is om die toer ekonomies regverdigbaar te maak nie. Reeds betaalde toergeld sal ten volle terugbetaal word. Sou daar egter *vis major* wees wat die toer om enige rede in die diskresie van die toerbestuur in die weegskaal plaas wat veiligheid of praktiese uitvoerbaarheid betref en hulle dit kanselleer, sal die volgende aanwending geld: Soveel as wat nog nie per toerlid aan die leweransiers van dienste of goedere uitbetaal is nie of verplig is om nog betaal te word nie, word aan die toerlede terugbetaal.
3. As 'n toerlid se gedrag sodanig word dat dit die gladde verloop van die toer benadeel of aanstootlik is vir ander toerlede, behou Tienie Jonker Toere die reg voor om sodanige toerlid se deelname aan die toer summier op te skort sonder enige aanspreeklikheid of kompensasie aan die betrokke toerlid.
4. Die toerbestuur behou die reg om die toerprogram te wysig, te verkort of te kanselleer in die belang van die veiligheid van die toerlede of weens onvoorsiene veranderings aan die vlugplanne van lugrederye en hotelbesprekings.
5. Toerlede moet gesond en fiks genoeg wees om 'n toer wat trappe (min) en stap insluit, te kan meemaak.
6. Met die uitreiking of verkryging van enige kaartjie of koepon en die tref van enige reëling vir vervoer of verblyf tree Tienie Jonker Toere slegs as u agent op en is hulle geensins aanspreeklik as prinsipale nie.
7. Tienie Jonker Toere aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige ongerief, verliese, skade, ens. wat mag voortspruit uit ongelukke, weersomstandighede, stakings, oproer, vertragings, oorlogsoptrede of enige onvoorsiene gebeure buite beheer van die toerbestuur nie. Die toerlid sal geen eis teen Tienie Jonker Toere

of enige van sy personeel instel vir enige verlies, of skade wat met die toer verband hou, anders as in hierdie dokument vervat nie.

8. Dit is elke toerlid se persoonlike verantwoordelikheid om die nodige reisdokumente en visums te bekom
9. Bagasie en persoonlike eiendom wat op die toer meegeneem word, is op eienaar se risiko en u word aangeraai om dit self te verseker.
10. Indien u tas se afmetings (wiele en handvatsels ingesluit) groter is as 72cm x 50cm x 30cm kan 'n hanteringsfooi van €5 (ongeveer R90) per dag gehef deur die busdiens. Indien die massa 20kg oorskry, word €2 per dag gehef.

BEPALINGS & VOORWAARDES (SKOOLTOERE : Tienie Jonker Toere in samewerking met Viva):

1. Hierin verwys die Maatskappy na die samewerkings ooreenkoms tussen Tienie Jonker Toere Edms (Bpk) en Virtuele Instituut vir Afrikaans (Viva).
2. Hierin verwys die Kliënt na die persoon beskryf in die Inskrywingsvorm. Die Maatskappy verhandel slegs met die Kliënt en enige diens wat aan die Kliënt se kliënt gelewer word (gewoonlik nie net die ouer van die toeris nie) is net om die Kliënt by te staan en stel die Maatskappy op geen manier kontraktueel of geïmpliseer onder verpligting teenoor die Kliënt se kliënt nie.
3. Sien Toerplan voorsien / besoek webblad www.tjtoere.co.za of www.viva-afrikaans.org vir die toerprys en toerprogram.
4. Die toerprys is onderhewig aan vliegtuigkaartjie prysveranderinge *(lugredery se belastings en bybetalings)*
5. Die toerprys is onderhewig aan veranderinge en gekoppel aan die rand-euro-wisselkoers .
6. **Die toerprys sluit die volgende in:**
   - Retoervliegkaartjies vanaf Johannesburg na Europa / Rusland en terug.
   - Lughawebelasting behalwe die gedeelte indien meer as R500 bokant die gekwoteerde lugdiensprys. *(bv. sou die belasting met R600 styg bokant die gekwoteerde waarde, betaal u slegs R100 in)*
   - Busvervoer in 'n luukse, lugversorgde toerbus met toilet, koffiekroeg en koue verversings in Europa
   - Tolbelasting en parkeerkoste in Europa
   - Ander ekstras soos aangedui in die Toerplan of op die webblaaie www.tjtoere.co.za of www.viva-afrikaans.org
7. **Die volgende word nie ingesluit nie:**
   - Koste om 'n paspoort en visum te verkry. Ons voorsien instruksies en dokumentasie om 'n visum te bekom.
   - Algemene fooitjies en sakgeld
   - Fooitjies van €15 per toerlid vir busbestuurder in Europa
   - Reisversekering wat mediese dekking insluit. Ons bied wel hierdie diens aan om namens toerlede reisversekering aan te koop *(meer inligting sal voorsien word)*
   - Ander opsionele uitstappies en toegangsgeld.

KANSELLASIES:

- Toerlede wat tot 4 kalendermaande voor vertrekdatum skriftelik kanselleer sal 30% van hulle deposito's terug ontvang en die res van die ander reeds betaalde gelde.
- Alle kansellasies op korter kennisgewing verbeur die deposito en terugbetalings van die res sal geskied op dieselfde skaal as wat Tienie Jonker Toere reeds betaalde fondse aan hotelle en ander instansies kan terugvorder deur 'n versoek aan die betrokke instansie te rig.

ALGEMEEN:

1. Alle fondse ontvang, word in 'n trustrekening gehou totdat betalings aan hotelle, lugrederye ens. namens toerlede gemaak word.
2. Die Maatskappy behou die reg voor om die toer te kanselleer indien daar nie genoegsame inskrywings is om die toer ekonomies regverdigbaar te maak nie. Reeds betaalde toergeld sal ten volle terugbetaal word. Sou daar egter *vis major* wees wat die toer om enige rede binne die diskresie van die Maatskappy in die weegskaal plaas wat veiligheid of praktiese uitvoerbaarheid betref en hulle dit kanselleer, sal die volgende aanwending geld: Soveel as wat nog nie per toerlid aan die leweransiers van dienste of goedere uitbetaal is nie of verplig is om nog betaal te word nie, word aan die toerlede terugbetaal.
3. As 'n toerlid se gedrag sodanig word dat dit die gladde verloop van die toer benadeel of aanstootlik is vir ander toerlede, behou die Maatskappy die reg voor om sodanige toerlid se deelname aan die toer summier op te skort sonder enige aanspreeklikheid of kompensasie aan die betrokke toerlid; dan geld die volgende:
   Die gedrag van die deelnemers en hul verteenwoordigers tydens die organiseringsfase van die toer en tydens die toer self is die verantwoordelikheid van die kliënt.
   Die Maatskappy sal die reg hê om die toer van enige individuele lid van die groep of die hele groep onmiddellik te kanselleer indien enige deelnemer op die toer of hul ouers of verteenwoordigers tydens die organiseringsfase of die toer self:
   a) reis- en toerpersoneel of hul verteenwoordigers bedreig, verbaal misbruik of beledig;
   b) hulle wangedra tot die mate dat die verskafde dienste of die organisering daarvan onderbreek word;
   c) gevaar veroorsaak of liggaamlike skade aan enigiemand of skade aan enige eiendom berokken;
   d) die wette van 'n land wat besoek is op die toer of die land waar die toer georganiseer word, oortree;
   e) nie met die toerorganiseerder of toerleier en/of die verteenwoordigende toeroperateur/agent wat die diensverskaffers gekontrakteer het, saamwerk nie.
   f) 'n misdaad tydens die toer pleeg;
   g) aanhoudend die genot van die ander lede van die toerlede, of hul ouers of verteenwoordigers of die toerleier, beïnvloed, hetsy dit tydens die organiseringsfase of die toerfase is;
   h) en die kliënt sal alle gelde wat reeds aan die maatskappy betaal is, verbeur en sal aanspreeklik wees vir

enige koste asof die toer gekanselleer is en/of aangegaan is om die toer te beëindig en/of enige van die toerlede terug te stuur na die naaste vertreklughawe.

4. Die Maatskappy het die reg om die toerprogram te wysig, te verkort of te kanselleer in die belang van die veiligheid van die toerlede of as gevolg van onvoorsiene veranderings aan die vlugplanne van lugrederye, hotelbesprekings en/of verkeer of weersomstandighede
   Besoekpunte kan gekanselleer word deur diensverskaffers weens swak weer, gebrek aan fasiliteite of ander verpligtinge. Uitstappies kan gekanselleer word as gevolg van onbeskikbaarheid van dienste of toename in koste, ens. Die kliënt aanvaar dat sodanige veranderinge nie binne die beheer van die Maatskappy is nie en onderneem om nie die Maatskappy op enige wyse aanspreeklik te hou vir sulke veranderinge nie.
5. Toerleier: Die maatskappy kontrakteer 'n toerleier vir sommige toere. Die toerleier is nie altyd 'n werknemer van die maatskappy nie en die maatskappy is nie verantwoordelik vir enige eise teen die toerleier nie, of enige eise teen die maatskappy in plaasvervanging van die optrede van die toerleier nie. Die toerleier word hiermee deur die kliënt gemagtig om die gedrag van die deelnemers te beheer, met die diensverskaffers te skakel en die reisplan na goeddunke ná oorleg met die kliënt te verander. Die toerleier is nie 'n toergids nie en sy rol is net om koördineer / toesig te hou oor die reëlings en om met krisisse te help. Hy het geen verpligting om enige diens te lewer aan en/of enige instruksie van enige toerlid te aanvaar nie.
6. Aanspreeklikheid: Nie die maatskappy of die toerleier sal aanspreeklik wees vir enige verlies, besering of dood van enige kliënt tydens die toer as sodanige skade veroorsaak word deur enige toerlid se nalatige of onwettige optrede nie. Die omvang van skadevergoeding wat deur die maatskappy geëis word, sal verminder word met die bedrag wat redelikerwys betaalbaar sou wees deur reisversekering en versekeringsdekking vir diensverskaffers, of sodanige versekering in plek is of nie. Die kliënt onderneem om die Maatskappy in kennis te stel van enige moontlike eise teen die Maatskappy deur middel van enige twee van die volgende: e-pos, faks of geregistreerde brief aan die Maatskappy se geregistreerde adres, binne 14 dae nadat hy of sy bewus geword het van sodanige verlies of gebeurtenis wat tot 'n eis teen die maatskappy kan lei. Die Kliënt aanvaar dat indien die Maatskappy nie binne hierdie tydperk aldus ingelig is nie, die Kliënt enige reg op 'n eis verbeur en die Maatskappy vrygestel is van enige aanspreeklikheid vir enige handeling of gebeurtenis wat tot 'n eis lei. Die kliënt onderneem om slegs skadevergoeding van die maatskappy te eis vir skade wat veroorsaak word deur die maatskappy se direkte nalatigheid. Die kliënt onderneem om nie enige eis teen die maatskappy in te stel wat teen 'n ander party ingedien kan word nie.
7. Paspoorte en Gesondheidsvoorsorg: Dit is die verantwoordelikheid van toerlede om hulle te vergewis van alle regulasies en vereistes wat van toepassing is op paspoorte en gesondheidsvoorsorg, en die kliënt onderneem om die lede van die toer dienooreenkomstig in te lig en te adviseer. As 'n toerlid weens paspoortprobleme nie die toer kan meemaak nie, sal normale kansellasiereëls van toepassing wees.
8. Die Maatskappy aanvaar geen aanspreeklikheid vir eise van enige aard hoegenaamd nie, insluitende enige verlies per ongeluk, besering of dood wat as gevolg van inwoning mag voorkom. Soms kan inwoning nie gereël word nie, of dit kan op kort kennisgewing gekanselleer word, in welke geval alternatiewe akkommodasie gereël moet word. Die kliënt sal verantwoordelik wees vir enige koste vir alternatiewe akkommodasie.
9. Vlugaansluitings en vertragings: Die Maatskappy sal op geen manier aanspreeklik wees vir enige uitgawes aangegaan of enige ander gevolge van vertraagde vlugte en/of verpaste vlugte nie.
10. Bagasietoeslaag: Die kliënt erken dat die kliënt bewus is dat verskillende lugrederye verskillende bagasietoelae het, dat lugrederye meestal nie toelaat dat die bagasietoelaag tussen lede van die groep versprei word nie en dat daar 'n fooi betaalbaar vir oortollige bagasie. Aangesien die reëls vir bagasietoelae soms onduidelik is, onderneem die kliënt om die toepaslike reëls vir bagasietoelae kort voor vertrek met die lugredery self te bevestig. Die Maatskappy aanvaar geen verantwoordelikheid vir oortollige bagasie nie, en dit geld te enige tyd.
    Bagasie op die toerbus: Indien u tas se afmetings (wiele en handvatsels ingesluit) groter is as 72cm x 50cm x 30cm kan 'n hanteringsfooi van €5 (ongeveer R90) per dag gehef deur die busdiens. Indien die massa 20kg oorskry, word €2 per dag gehef.
11. Met die uitreiking of verkryging van enige kaartjie of koepon en die tref van enige reëling vir vervoer of verblyf tree die Maatskappy slegs as u agent op en is hulle geensins aanspreeklik as prinsipale nie.
12. Die Maatskappy aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige ongerief, verliese, skade, ens. wat mag voortspruit uit ongelukke, weersomstandighede, stakings, oproer, vertragings, oorlogsoptrede of enige onvoorsiene gebeure buite beheer van die Maatskappy nie. Die toerlid sal geen eis teen die Maatskappy of enige van sy personeel instel vir enige verlies, of skade wat met die toer verband hou, anders as in hierdie dokument vervat nie.
13. Dit is elke toerlid se persoonlike verantwoordelikheid om die nodige reisdokumente en visums te bekom. Visumaansoeke: Die maatskappy kan advies gee oor visumaansoeke. Geen agent wat deur die maatskappy verwys word om te help met die visumaansoekprosesse het 'n aandeel in die maatskappy nie, en die maatskappy aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige gevolg van die interaksie tussen sodanige agent en die kliënt nie. Sommige lande vereis dat besoekers persoonlik aansoek doen vir 'n visum. Die maatskappy sal op geen manier aanspreeklik wees vir enige verliese gely deur enige party weens diefstal, verlies van dokumentasie terwyl dit onder die Maatskappy se toesig is of laat dokumentasie nie, en enige ondertekenaar

hiervan stel die maatskappy namens alle partye wat betrokke is by die toer van enige eis vry. Daar sal geen terugbetaling van toergeld indien 'n toerlid se visumaansoek onsuksesvol was nie, hetsy weens laat of onvolledige dokumentasie, of weens die betrokke ambassade wat die visumaansoek om welke rede ook al afkeur.

14. Bagasie en persoonlike eiendom wat op die toer meegeneem word, is op eienaar se risiko en u word aangeraai om dit self te verseker.
    Aanlyn verklaring van verstandhouding en aanvaarding: Met aanlyn erkenning dat die kliënt die bepalings en voorwaardes as wettig bindend aanvaar, word aangedui deur 'n "tick box" in te vul op die vraag op die inskrywingsvorm wat lui:
    Aanvaarding van bepalings en voorwaardes / "I accept the terms and conditions"
    Deur die "tick box" in te vul, erken jy dat jy die kontrak tussen die Maatskappy en jouself gelees het en dat jy saamstem met al die bepalings en voorwaardes daarin uiteengesit, en dat jy jouself daaraan onderwerp.

Ek, die ondergetekende, ouer en/of natuurlike voog van: _____ ("**die Leerder**") bevestig hiermee dat ek die terme en voorwaardes van die Toer saam met die Leerder deurgewerk het en kennis neem daarvan.

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE _____ DAG VAN _____ 2023

_____ _____

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG **HANDTEKENING VAN LEERDER**